automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

AUTO MECHANIKA SA:
DIE TOONAANGEWENDE SUID-AFRIKA IN 2009

Die politieke ontleder en tendens-spesialis JP Landman het Donderdag (19 Maart 2009) by die eerste Automechanika SA-bedryfskou by Nasrec in Johannesburg 'n positiewe en optimistiese praatjie gelewer en gesê hoewel Suid-Afrika op die oomblik nog 'n moeilike tyd ervaar, vloei die vooruitsigte vir toekomstige ekonomiese groei en die Suid-Afrikaanse demografie saam om die land van unieke geleenthede te voorsien.

Landman het sy rede by 'n interaktiewe ontbytgeselligheid gelewer wat deur die Motorbedryf-personeelvereniging (MISA) in vennootskap met BoE Private Clients aangebied is.

Dit is baie maklik om teen die agtergrond van die heersende probleme wat veroorsaak word deur faktore soos 'n krimpende ekonomie, werksverlies, 'n daling in die uitvoer van vervaardigde produkte en rou materiaal sowel as 'n ongunstige rentekoers, die ongehoorde groei en voorspoed wat Suid-Afrika in die 14 jaar van 1994 tot 2007 ervaar het, mis te kyk.

"Suid-Afrika het in dié tydperk in sy geheel baie meer voorspoedig geword. Kyk byvoorbeeld na die tydperk van 19 jaar van 1975 tot 1993 waar ons per capita-inkomste in werklikheid met 12% gedaal het, terwyl ons in die 14 jaar van 1994 tot 2007 eintlik 27% ryker geword het.

"Indiensnemingsyfers het aansienlik gestyg, al daal dit nou. Altesaam 9,5 miljoen Suid-Afrikaners het in 1995 werk gehad, en dié syfer het teen 2008 tot 13,8 miljoen gestyg. Terselfdertyd is armoede van 51% tot 41% verminder."

Nog 'n bemoedigende stukkie statistiek is die daling in die bevolkingsaanwas. Die Suid-Afrikaanse bevolking het in die 1980's teen gemiddeld 2,5% per jaar gegroei. Dit het in 2006 tot 0,7% gedaal, terwyl 'n bevolkingsgroei van net 0,3% vir 2010 voorspel word. Dit is in weerwil van die feit dat een immigrant Suid-Afrika elke vier minute binnekom.

“Daar was ’n reuse-daling in die bevolkingsgroei,” het Landman gesê. “Die Suid-Afrikaanse vrugbaarheidskoers het weens beter opvoeding, hoër lewenstandaarde en natuurlik ook die uitwerking van HIV/Vigs, malaria en soortgelyke siektes verswak.

“Nog iets wat ’n groot rol gespeel het, is die feit dat vroue in toenemende getalle begin werk het, en sodoende meer liberaal begin word het en deesdae minder kinders het. Trouens, die gemiddelde syfer in 1970 was 5,8 kinders per vrou. Dit het tot 2,5 kinders per vrou gedaal,” het Landman gesê.

Wat die verhouding tussen politiek en die ekonomie betref, het Landman gesê hy is “relatief ontspanne” daaroor. Infrastruktuur-belegging deur die openbare sektor het aansienlik gestyg, en dit hou groot voordele vir Suid-Afrika as ’n geheel in.
“Sowat 4,5% van die bruto binnelandse produk (BBP) is in die tydperk van 1997 tot 2004 in infrastruktuur belê. Dit was gans en al te min en die gevolg was die ineenstorting van hospitaaldienste, slaggate op ons paaie en die Eskom-ramp.

“Die syfer het tussen 2005 en 2008 tot meer as 8% gestyg en die voorspelling is dat tot tussen 9,5% en 9,8% van die BBP in 2010 en 2011 op infrastruktuur bestee sal word – ’n fantastiese suksesverhaal,” het Landman gesê.

Die ANC-regering het hom tot verdere belegging in infrastruktuur verbind – in Polokwane in Januarie 2008 en in sy huidige verkiesingsmanifes wat onder andere as volg lui: “Lei ’n massiewe openbare bestedingsprogram vir groei en werkverskaffing. Die regering sal in die komende tydperk sy besteding in openbare infrastruktuur versnel en uitbrei.”

Dat die regering aan sy beloftes voldoen, kan duidelik uit die minister van finansies se jongste begroting afgelei word. Van die begroting van R787 miljard is ’n bedrag van R94 miljard, of 9,6%, vir infrastruktuur-besteding geoormerk.

Gevare bestaan egter op die pad vorentoe ook – ten spyte van die algehele rooskleurige prentjie wat geskilder word. ’n Wêreldwye depressie vir ’n langdurige tydperk en ’n langtermyn-groeikoers van onder die 3% sal ’n ernstige uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê, terwyl die huidige tekort en laer rentekoerse tot ’n daling in die waarde van die rand kan lei.

Wat bemoedigend is, is dat die Suid-Afrikaanse ekonomie teen die einde van 2008 met net 1,8% gekrimp het teenoor die VSA se 6,2%, ’n reuse 12,1% in Japan, 8,2% in Duitsland, 6% in die VK, 4,6% in Frankryk en 3,4% in Kanada. Die uitwerking van die wêreldwye ekonomiese afname sal groter word namate die jaar vorder, het Landman gewaarsku, maar hy het bygevoeg dat hy nie dink die resessie sal “vir ewig” duur nie.

“Die basiese tendens wys dat ons in 2010 groei kan verwag, en as ons ’n jaarlikse groeikoers van 3,1% vir die volgende 9 tot 12 jaar kan volhou, sal ons per capita-inkomste met ’n stewige 27% styg.

“Die probleem in ons ekonomie is nie meer geld nie, maar doeltreffendheid. As ons doeltreffendheid in die staat en private sektor op alle vlakke behoorlik kan verhoog, kan ons uitsien na ’n baie meer voorspoedige toekoms,” het Landman afgesluit.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za